View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

# ONTWIKKELINGSEKONOMIE — BESTEK EN METODE VIR DIE STUDIE DAARVAN

## 1. *Inleiding*

Kennis van die probleme van onderontwikkelde gebiede is baie oud. Sodra verskille in ontwikkeldheid, hetsy op militêre, ekonomiese of ander gebiede duidelik word, en as sodanig erken word, wys die probleme van die minderontwikkelde gebiede hulself uit. Die ekonomiese geskiedenis is vol sodanige erkende verskille o.a. Hellenistiese kultuursentra, Imperiale Rome, Byzantium en sy florerende stadstaat; Noord- en Wes-Europa na die ontdekking van die nuwe wêreld en die vasstelling van effektiewe marinekommunikasie tussen Wes-Europa, Amerika en Oos-Asië.

Dit was dan ook hoofsaaklik vanaf hierdie Noord- en Wes-Europese gebiede dat mense, kapitaal en kundigheid oorsee gevloei het, veral na die Nuwe Wêreld om daar vinnige ontwikkelinge te weeg te bring.

Omdat Wes-Europa voortgegaan het om absoluut en relatief te ontwikkel, en gevolglik verskeie industriële rewolusies en aanvullende sosiaal-politieke veranderinge ondergaan het, het die gebied stamland gebly, nl:

(1) Vanaf Wes-Europa het die meeste mense, kapitaal en kundigheid gevloei wat die kragtige ekonomie in die nuwe wêreld tot gevolg gehad het;
(2) Vanaf Wes-Europa het die katalitiese agente gekom wat beslag gegee het aan die moderne Japan;
(3) Vanaf Wes-Europa het die kapitaal en tegnologie gekom wat verantwoordelik was vir die transformasie van die agrariese Europa.

Tussen Wêreldoorlog I en Wêreldoorlog II het die vloei van ontwikkelingsagente vanaf ontwikkelde gebiede (VSA die belangrikste) na onderontwikkelde gebiede, aansienlik verminder om na Wêreldoorlog II weer 'n kragtige oplewing te beleef.

Huidige politieke en sosiale ontwikkelinge het 'n merkwaardige herlewing gebring in die belangstelling vir ekonomiese ontwikkeling asook die *„geloof"* dat die ekonomiese groeikoers, veral in onderontwikkelde gebiede, verhoog *kan* en *moes* word deur veral

(a) inmenging van die staat, wat beskou is en vandag nog in 'n mindere of meerdere mate beskou word as 'n sg. „optimizing machine", en

(b) die verkryging van kapitaal en kundigheid van ontwikkelde lande op maklike terme *ongeag* die *sosio-ekonomiese* en sosio-politieke ontwikkeling van dié gebiede waar dié hulp aangewend moes word.

In hierdie opsig het die verskillende ontwikkelde lande op verskillende wyses meegehelp met die *hoofgedagte* dat die *wêreld polities meer stabiel sou wees indien die ontwikkelingsaspirasies van volkere in onderontwikkelde gebiede meer volledig gerealiseer sou word.*

Groot hoeveelhede literatuur het dan ook die afgelope meer as twintig jaar oor die onderwerp die lig gesien. Baie informasie is ingewin maar die interpretasie van die informasie is nog onderhewig aan groot meningsverskille. Hierdie verskille is hoofsaaklik die gevolg van:

(i) die feit dat baie *min* skrywers eintlik intiem bekend is met die konkrete situasies in onderontwikkelde gebiede of

(ii) baie *min* skrywers goed bekend is met die empiriese realiteite wat in sekere lande ervaar is.

Eers as die ervaring van die verskillende onderontwikkelde gebiede algemeen bekend word en geëvalueer word, kan verwag word dat die konsensusgrense verbreed en die area van verskille kleiner sal word.

Soos op enige terrein in die wetenskap bestaan ook in hierdie fenomeen van die ekonomiese wetenskap misleidende begrippe, ongelukkige terminologie en sommer net foutiewe stellings. Hierteen word vroeg reeds gewaarsku.

(i) *Die begrip onderontwikkeld of erger* nog, ontwikkelend is meestal slegs 'n eufemisme vir „arm". Die meeste onderontwikkelde lande is werklike arm lande — hierdie *besef* beïnvloed die studie van onderontwikkelde gebiede grootliks.

(ii) Dit is noodsaaklik om te onderskei tussen *positiewe* en *normatiewe* ekonomie. Die resultate van die onvermoë om hierdie onderskeid raak te sien, word later in die stuk behandel.

(iii) Dikwels word die relevansie van die *ekonomie,* om 'n studie van onderontwikkelde gebiede te maak, sterk betwyfel — 'n onkunde wat waarskynlik voortspruit uit

(iv) die feit dat die belangrikheid van regstreekse waarneming meestal onderskat word.

## 2. *Die studie van ekonomies onderontwikkelde lande*

Dit is reeds gestel dat die belangstelling in die ekonomie van onderontwikkelde gebiede gedurende die afgelope 20 jaar belangrik toegeneem het. Hoewel dit verband hou met die politieke ontwikkelinge in dié periode, is daar genoeg rede om te glo dat dié belangstelling meer as net tydelik van aard is, nl

(a) *die politieke en praktiese* belangrikheid van ontwikkeling van ontwikkelende gebiede;

(b) *die groot somme geld* wat vir hierdie vertakking van die ekonomiese wetenskap beskikbaar gestel word; en

(c) *die intellektuele belangrikheid* van baie van die fenomena en probleme gee 'n aanduiding dat die belangstelling gekom het om te bly. Daarby berus die ontwikkeling van onderontwikkelde gebiede in 'n belangrike mate op *beleid* waarby ontwikkelingstudies belangrike praktiese bydraes kan doen. Sodanige studies ontwikkel ook die vakwetenskap, ekonomie in soverre dit die fenomena uitbrei waarbinne die ekonomiese veronderstellings getoets kan word en nuwe hipoteses gestel kan word.

Dis egter ook moontlik dat die bydrae van die ekonomie tot praktiese bekendmaking gering of self negatief kan wees indien die bevindinge probleme eerder verduister as verlig — dit kan die ekonomie as 'n sistematiese dissipline ondermyn. *Daarom is dit nodig dat aandag gegee moet word aan bestek en metode.*

### 2 1 *Bestek en metode in die studie van onderontwikkelde gebiede*

Ekonome is oor die algemeen traag om probleme aangaande bestek en metode te bespreek. Langdurige besorgdheid oor metode is dan ook vrugteloos en vermoeiend, soos oormatige introspeksie by sekere tipes neuroses. Die gesonde

ekstrovert wat homself nooit bevraagteken nie, kan egter ook onkrities en onbewus wees van sy eie potensiaal en/of beperkings — erger nog, ongevoelig vir sy invloed op andere.

'n Selfondersoek soms, en introspeksie nou en dan, is nie net vir individue nie, maar ook vir intellektuele dissiplines van groot belang, veral waar laasgenoemde vertak in ongewone aktiwiteitsfere soos die ontwikkelingsekonomie.

Vir 'n baie lang tyd was die algemene idee: *„laat ons aangaan met ons werk en die resultate van die werk sal dien as 'n toets vir die waarde en bruikbaarheid van die metodes wat aangewend is".*

Ongelukkig lewer die verkryging van resultate nie 'n bruikbare kriterium vir metode in die ekonomie nie, want ons het hier te doen met

(i) suksesvolle voorspelling van toekomstige gebeurtenisse;
(ii) die korrekte vasstelling van funksionele verbande; en
(iii) die vermoë om beleid te beïnvloed — algemeen of wanneer 'n spesifieke doelwit nagestreef word, en nog vele ander aspekte.

Geen een van hierdie voorsien 'n eenvoudige kriterium vir metode nie.

Ekonome tree dikwels op as adviseurs vir regerings en dié taak opgelê deur hierdie funksie het die verwarring tov die interpretasie van *resultate* as metode net vergroot. Hierdie probleem het die natuurwetenskaplikes nie: *Hulle prestasies word nie gewoonlik gemeet aan die waarde, wysheid of effektiwiteit van hulle advies aan die owerheid nie,* maar wel in hulle bydrae tot die daarstelling van proposisies van diepte *en* wetmatighede (generalities) van die natuurlike fenomena.

Dis net in die sosiale wetenskappe waar dubbelsinnighede voorkom in die doelwitte van die dissipline veral tussen die daarstelling van wetmatighede en die resultate uit aktiwiteite wat beïnvloed kon word deur daardie wetmatighede. *Dit affekteer die ekonomie besonderlik omdat ekonomie, meer as enige ander sosiale wetenskaplikes, optree as adviseurs oor beleid.*

Hierdie dubbelsinnighede kan uitgeskakel of grotendeels verminder word as ons skerp onderskei tussen *positiewe ekonomie, normatiewe ekonomie en die kuns van politieke ekonomie.*

Baie kortliks kan die onderskeid soos volg getref word:

*Positiewe ekonomie:* 'n liggaam (sisteem, stelsel) van gesistematiseerde kennis wat handel oor wat *is.*

*Normatiewe ekonomie:* 'n liggaam van gesistematiseerde kennis wat handel oor wat *behoort te wees.*

*Kuns van politieke ekonomie:* 'n Stelsel van reëls vir die verwesenliking van 'n gegewe behoefte.

Die positiewe ekonomie is primêr in die sin dat, die grootste bydrae wat 'n ekonoom kan doen tot die normatiewe ekonomie of die *kuns* van politieke ekonomie juis afkomstig is van die wetmatighede wat die positiewe ekonomie daarstel, bv indien dit noodsaaklik sou word om verbruiksbesteding op 'n sekere produk te beperk, sal die ekonoom waarskynlik adviseer dat dit belas word. (Hierdie is 'n maatreël wat toegepas word om 'n gegewe behoefte te bevredig — *die kuns* van politieke ekonomie.) Die rede vir die belastingheffing is daarin geleë dat dit om een of ander rede nie goed is om so baie van die spesifieke produk te produseer en te verbruik nie — die verbruiker *behoort* minder te koop (normatiewe ekonomie). Die advies tot belastingheffing op die produk berus egter op die wetmatigheid dat *die hoeveelheid gevra omgekeerd tot die prys verander* (dit *is* — positiewe ekonomie).

Vervolgens word dan eers aandag gegee aan die positiewe ekonomie.

### 2 1 1 *Positiewe ekonomie*

Die ekonomie poog om wetmatighede *(generalizations)* deur die waarneming en analisering van diverse fenomena, daar te stel, om sodoende uniformiteite wat onderliggend is aan die diversiteite vas te stel. Die daarstelling van wetmatighede maak dit moontlik om te voorspel wat die *gevolge kan* wees van sekere gebeurtenisse, toestande of omstandighede.

Die ekonoom se taak word bemoeilik deur die menigvuldige faktore wat gelyktydig optree in die fenomeen wat hy ondersoek, asook die onmoontlikheid van uitskakeling van sekere van hierdie faktore deur 'n gekontroleerde of selfs afgeleide eksperiment — die presiesheid wat bereik word deur observasionele (nie-eksperimentele) natuurwetenskappe is nie by die ekonomie moontlik nie.

*Die ekonoom moet baie sterk steun op ongekontroleerde ervaring.*

Die ervaring is in groot volumes beskikbaar en baie dikwels vertoon dit funksionele verbande wat byna net so duidelik is as die verkry van 'n afgeleide eksperiment by. Die aanbieding van 'n premie op sekere produkte waarin die bemarkingsraad van 'n sekere Afrikaland die alleenreg op uitvoer gehad het, het gelei tot 'n skouspelagtige toename in die produksie van dié spesifieke produk. Dit toon die funksionele verband tussen *aanbod* en *prys* duidelik aan — meer nog — dit bevestig dit.

Die feit dat op ongekontroleerde ervaring gesteun moet word, veroorsaak 'n verhoging in die aantal waarnemings wat nodig is vir analise en interpretasie voordat betekenisvolle uniformiteite suksesvol bepaal en hulle beperkinge vasgestel kan word. *Ten spyte hiervan is baie wetmatighede suksesvol bepaal bv* die wet van vraag; die reaksie van aanbod op prysveranderinge; die wet van Gresham; die afhanklikheid van arbeidsverdeling (spesialisasie) van die grootte van die mark; die neiging van indiwidue om oor te skakel na aktiwiteite wat die hoogste netto voordeel bied binne die raamwerk van geleenthede tot hulle beskikking.

Die afwesigheid van die moontlikheid van die afgeleide eksperiment beïnvloed die vastigheid van verskillende wetmatighede op verskillende wyses en in verskillende grade. Bv die wet van vraag: *nl dat by 'n groot styging in prys die vraag sal afneem en na 'n sekere punt met meer as proporsioneel tot die prysstyging sal afneem, word glad nie geaffekteer nie.* So ook nie die reaksie van aanbod op prysstygings nie — die algemeenbekende verband tussen inkomste en koste bevestig dit. In ander gevalle word die vertroue waarmee die wetmatighede toegepas word asook die *trefwydte* van hul onderskeie toepassings geaffekteer.

Die afwesigheid van heldere en dramatiese getuienis wat voorsien kan word deur afgeleide eksperimente, maak die aanvaarbaarheid van sommige wetmatighede, wat selfs behoorlik bewys is deur die beskikbare gegewens, moeilik. Dié wetmatighede word selde vir goed verwerp of aanvaar, maar kom telkens weer te voorskyn.

Sommige professionele ekonome beweer selfs dat die wet van vraag nie altyd steekhou nie, omdat invoerheffings (prysverhoging) normaalweg nie die vraag na die produkte affekteer nie.

In hierdie opsig is daar egter TWEE verbandhoudende onderskeidings wat onthou moet word in die daarstelling en toetsing van ekonomiese wetmatighede, nl:

(1) Die onderskeid tussen die *funksionele verband* en die *historiese* opeenvolging van gebeurtenisse bv die wet van vraag is nie ongeldig omdat in voorspoedtye meer produkte teen hoër pryse verkoop word as in depressietye nie. Net so kan nie beweer word dat 'n hoër invoertarief nie effek het omdat dit nie invoer verminder het teenoor die vorige periode nie.

(2) *Bepaling,* in die sin *van vasstelling* van die resultate van sekere toestande of gebeurtenisse, moet onderskei word van die *voorspelling van toekomstige* gebeurtenisse. Bv selfs al sou die reaksie van boere (wat 'n sekere gewas produseer) op 'n prysverhoging korrek bepaal kon word, dan kan die *presiese grootte* van die volgende *jaar se oes nog nie akkuraat* voorspel word nie — laat staan nog die oeste in die verdere toekoms. Dit is 'n gebeurtenis wat deur te veel faktore, naas die prysstygings beïnvloed word. In hierdie sin is bepaling (prediction) en verduideliking (soos Marshall ons herinner het) dieselfde optrede in teenoorgestelde rigting.

Die verwarring wat dus bestaan tussen die *bepaling* van die *moontlike resultate* van 'n sekere gebeurtenis en die *voorspelling* van toekomstige gebeurtenisse, wat algemeen is in moderne ekonomiese literatuur, veral oor onderontwikkelde gebiede, kom nie voor in die akademie buite die sosiale wetenskappe nie: *dit is dus nie algemeen nie en daarom moet daarvan soveel te meer kennis geneem word* — sodanige eenvoudige misverstande onderstreep die waarde van periodieke besinning tov metode.

2 1 2 *Die diepte van ekonomiese wetmatighede*

Die diepte en betekenis van ekonomiese wetmatighede is afhanklik van die kwaliteit van die onderliggende waarnemings en analise. In sekere vertakkinge van die ekonomie, veral die ontwikkelingsekonomie, is die belangrikheid van regstreekse waarneming[1] in die jongste jare geheel en al onderskat.

Baie van die redes vir die afname in regstreekse waarne-

ming as informasiemedium lê buite die ekonomie, maar binne die raamwerk van die ekonomie is enkele belangrike oorsaaklike redes. Dié redes is

(1) oormatige beklemtoning van die formele teorie —

(2) beklemtoning van die kwantifisering van daardie aspekte van die ekonomie wat geredelik in statistiese vorm uitgedruk kan word. Statistiek is weliswaar onontbeerlik in die studie van sekere aspekte van die ekonomie, maar in ander aspekte, soos in die ontwikkelingsekonomie, is statistiek alleen (in sy konvensionele vorm) sonder die getuienis van regstreekse waarneming onvoldoende bv die afhanklikheid van produsente van 'n sekere gewas kan nie betekenisvol gemeet word deur die hoeveelheid inkomste (selfs kontantinkomste) wat daaruit verkry word nie, aangesien dit (die afhanklikheid) ook beïnvloed word deur die gemak waarmee na alternatiewe gewasse oorgeskakel kan word — dit kan nie uit statistieke afgelees word nie. Die betekenis van die vloei van goedere en dienste (nasionale inkomste) word sterk beïnvloed deur faktore soos:

   (a) Die gedeelte van die uitset wat deur die staat aangekoop word uit belasting teenoor dié wat die private sektor aankoop uit vrye besteebare inkomste.

   (b) Die teenwoordigheid van ekstensiewe rantsoenering teenoor die vrye beskikbaarheid van goedere en dienste teen markpryse; en

   (c) Die teenwoordigheid en kanalisering van produksiefaktore teenoor die afwesigheid van produksiefaktore en/of die gebrek aan die kanalisering daarvan — dit alles kan nie in statistieke afgelees word nie.

   Nie alleen is die kwantifisering van 'n situasie noodwendig 'n abstraksie nie, maar dit mag ook nie-verteenwoordigend wees van die mees belangrike aspekte van die situasie. Waar statistiek dus in sekere afdelings van die ekonomie groter presiesheid as resultaat het, is dit in *ander* (die ontwikkelingsekonomie) 'n swak substituut vir regstreekse waarneming en helder denke.

(3) Die hoë koste en probleme om dié lande te besoek het ongetwyfeld daartoe bygedra dat daar sterk gesteun word op statistiek en die beklemtoning van daardie aspekte wat betekenisvol gekwantifiseer kan word.

Waarneming speel 'n beperkte rol in demografie, in die meeste *globale* analises en in die daarstelling van eenvoudige proposisies aangaande vraag- en aanbodanalises. Wanneer egter die ander aspekte betrek word, is waarneming meestal nodig vir die vasstelling van wetmatighede of uniformiteite. Dit is *veral* van toepassing in die studie van onderontwikkelde gebiede.

### 2 1 3 *Die toepasbaarheid van die wetmatighede van die Westerse geldekonomie op ontwikkelende gebiede*

Diegene wat die relevansie van die vakwetenskap ekonomie in die bestudering van onderontwikkelde gebiede betwyfel, grond gewoonlik hulle argumente op die *verskil* in *houding* en *instellings* wat bestaan tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande. Gewoonlik dui hierdie siening op òf onvoldoende waarneming òf onvolledige insig in die ekonomie. Bv

(a) Die Bantoe van die Goudkus reageer nie op die winsmotief nie. Dit was die stelling van 'n staatsdiensamptenaar wat te doen gehad het met die ontwikkelingsbeplanning van die land (simptoom van baie sg ontwikkelingsekonome). Intussen is daar

(1) twee miljoen akker grond onder kakaobome wat uitsluitlik bewerk en bemark word deur die Bantoe;
(2) die handelaars in fietse is oorval deur kopers vir Raleigh-fietse wat teen vasgestelde pryse te koop was, omdat hulle dit teen 'n goeie wins op die ope (vrye) mark wat meer afgeleë was, kon verkoop.

Dit is waar dat die institusionele raamwerk van 'n land bepalend is vir die werking van sy ekonomiese aktiwiteite en dat die raamwerk van onderontwikkelde lande baie verskil van die van ontwikkelde Westerse lande, maar dit maak nog nie die ekonomiese irrelevant van die studie van ontwikkelende lande nie.

Dis wel betekenisvol om te vra of die ekonomie suksesvolle verduidelikings en vooruitskattings in hierdie anderse omstandighede kan gee. Dit kan sekerlik, hoewel dit soms moeilik is om die bekende reaksie onder die vreemde institusionele opset te identifiseer veral as die waardes van die inwoners, asook hulle verbruikspatroon so anders is as die van die Westerse geldekonomie.

DIE MENSE REAGEER BESLIS OP EKONOMIESE STIMULI — soos die onmiddellike en sensitiewe reaksie op prysverskille, arbitragehandel en selfs die reaksie op verwagte prysveranderinge, bv. Indië word baie dikwels beskou as 'n land waarin die rigoristiese voorskrifte van godsdiens, gewoonte en klassestruktuur die deurbraak van die beginsels van die ekonomie onmoontlik maak. Dit is ook waar dat in suidelike Indië, veral Madras, tot 'n paar jaar gelede, die bakermat van klasseverskille was. Voor die Tweede Wêreldoorlog was die beroepe wat oop was vir indiwidue in hierdie streek hoofsaaklik bepaal deur sy klas. Gevolglik was daar groot verskille tussen inkomste en voordele van die verskillende beroepe wat *nie* noodwendig verband gehou het met verskille in vaardigheid nie. Tog was die reaksie van dié gewoonte-geteisterde en klasgebonde Indiër vinnig en korrek op verskille in inkomste en voordele binne hulle eie groep. Dit word veral duidelik bewys deur hulle groot bereidheid om te emigreer na die rubber- en teeplase in Maleia en Ceylon en hulle flinke reaksie op veranderinge in ekonomiese toestande van hierdie lande — veranderinge waaroor die ongeletterde inwoners van Madras, selfs sover as 2 000 kilometers van die hawens van Maleia af besonder goed ingelig was.

Hierdie migrasie voorsien dus baie informasie op ekonomiese grondslag. Bv op grond van die voorwaardes aangebied deur die werkgewers, was daar meer persone wat bereid was om te „emigreer" as wat daar beskikbare werkgeleentheid op die plase was — vir die gevraagde hoeveelheid arbeid was die loonvergoeding wat aangebied is hoër as die aanbodprys van arbeid sodat daar 'n element van rendement in die loonkoers was — en die werkgeleentheid moes gerantsoeneer word. Voorkeur is gegee aan diegene wat een of ander vorm van skriftelike uitnodiging van die „estates" gehad het. Met hierdie dokumente is handelgedryf (dit het verhandelbare dokumente geword) — hierdie dokumente is selfs vervals, en dit in een van die agterlikste gebiede van Indië. Is dit nie *reaksie* op *ekonomiese moontlikhede nie?*

'n Ander voorbeeld. In Kenia het die Britse regering (administrasie) rondom die begin van dié eeu gevestig geraak. *Belasting is geïn.* 'n Sekere stam wat baie agterlik was — selfs volgens die Bantoestandaarde van daardie tyd — was toegelaat om hulle belasting in beeste te betaal. Die metode

moes uiteindelik laat vaar word omdat die *„belastingbetalers"* stokou beeste gegee het wat sonder uitsondering in die hande van die ontvanger gevrek het. Dit illustreer 'n reaksie wat 'n bewustheid van *minimum koste* aandui. Dit voorsien ook 'n besondere bevestiging vir die Wet van Gresham, nl swak geld verdring goeie geld — ook al is die geld in die vorm van beeste.

Verdere voorbeelde wat die optrede van ekonomiese beginsels in onderontwikkelde ekonomieë aandui, is legio — en baie keer word dit gevind op plekke waarvan die agterlikheid so sterk op die voorgrond is dat geen of 'n baie swak reaksie verwag word. Dit sluit reaksies op klein prysveranderings, arbitrage-transaksies of selfs reaksie vooraf op *verwagte* prysveranderinge in.

*„Onelastisiteit"* van behoeftes is 'n ander grond waarop die relevansie van die ekonomie vir die studie van onderontwikkelde ekonomieë betwyfel word — veral t o v Afrika en Maleia. Selfs 'n *statiese patroon* van behoeftes kan die relevansie van die ekonomie vir die studie van onderontwikkelde gebiede nie vernietig nie, want elke indiwidu sal minstens die wens hê nl om hierdie statiese behoeftes teen die minimum inspanning te bevredig — dit bevestig die relevansie van die ekonomie.

'n Statiese behoeftepatroon is natuurlik ook nie denkbaar nie. Die teendeel word bewys (t o v onderontwikkelde bevolking) deur die voor-die-handliggende en toeganklike gegewens soos die vinnige toename in die omvang en die verskeidenheid van invoere en verbruik, wat tred hou met ekonomiese vooruitgang, veral in Afrika-gebiede; die verspreiding en bewerking van kontantgewasse en selfs die aanvaarding van loonarbeid wat alles getuienis is van beide die dinamiteit van behoeftes en die bewuste aanvaarding van vooruitgang op ekonomiese gebied. Die maklik waarneembare reaksie t o v die omvang van invoer op veranderinge in die vloei van geld toon aan dat nie alleen die behoeftepatroon *nie* staties *is nie,* maar dat uitgawes aan verbruiksgoedere en eenvoudige kapitaalgoedere flink reageer op veranderinge in inkome.

Die reaksie van lewenstandaard (d i behoeftes en bevrediging daarvan) op veranderinge word weliswaar deur 'n verskeidenheid faktore beïnvloed en daarom kan daar windstiltes in die groei van die vraag voorkom.

(1) In stabiele gemeenskappe met sterk tradisies (Afrika-stamgemeenskappe) sal behoeftes minder ekspansief wees as in meer soepele gemeenskappe.

(2) Mense wat kontraktueel verbind is met vreemdelinge wat 'n hoër lewenstandaard het, sal meer geredelik verstellinge doen aan hulle peil van behoeftebevrediging (regstreekse invloed van die demonstrasie-effek) as mense in meer selfonderhoudende (onderhouds-) gemeenskappe.

(3) Die aanbod van inspanning *(effort)* sal met tye en t o v sekere inkomstepeile, afneem soos wat inkomste toeneem (die rugwaartse styging van die aanbodkromme van arbeid — voorkeur aan vrye tyd, ens). Dit is egter algemeen in die Weste en maak nie die ekonomiese wetmatighede ongeldig vir onderontwikkelde gebiede nie.

Die invloed van gewoontes op die aanpassing van behoeftes en die bereidheid om tussen aktiwiteite te beweeg sal ook verskil in die verskillende onderontwikkelde gebiede en selfs tussen etniese groepe binne dieselfde gebied — ook binne dieselfde etniese groep op verskillende tye. Die krag van die gewoonte is egter nie so sterk dat dit die reaksie sodanig beperk dat die relevansie van die ekonomie daardeur vernietig word nie, bv as daar een gewoonte is wat vasgeanker was en een prys wat vasgepen sou wees, dan moes dit die „lobola" gewees het — tog het hierdie gewoonte besonder sensitief geblyk te wees vir ekonomiese omstandighede.

Aanpassings word ook dikwels beïnvloed deur veranderinge in kwantiteit en kwaliteit terwyl die nominale prys onveranderd bly. Marshall stel die volgende in dié verband:

„For instance, in 1878, when the taxes on salt were readjusted throughout India, being raised in the southern half and lowered in the northern, it was expected by many that the rule of custom and the smallness of retail purchases would prevent the raiyat from feeling the change for a long time to come. But the result was opposite. Salt was retailed by the pinch. And from the day when the new rule came into operation ,the pinch was increased in size in the northern, and diminished in the southern half.[2]"

en in sy inougurele rede te Cambridge:

„In fact after examining in detail the prices of the chief purchases made by the peasants in some parts of India, I

have come to the conclusion that fixed custom has less to do with them than is the case with the agricultural labourer in the south of England.[3]"

Dié voorbeelde behoort die belangrikheid van regstreekse observasionele kontak met die informasiebron te bevestig.

Die ontdekking van uniformiteite en die herkenning van die werking van bekende neigings in onbekende omstandighede, vra grootliks die steun van regstreekse waarneming, die beoefening van die verbeeldingskrag en 'n gesoute kennis van die ekonomie — veral die meer elementêre ekonomie.

Die beoefening van verbeeldingskrag (soos onderskei van fantasie) word gewoonlik gestimuleer deur *waarneming* en *ervaring* omdat laasgenoemde gewoonlik nuwe ondersoekrigtings aandui wat, voorheen òf ongesiene òf onverwagte, relevante verbande tussen fenomena kan blootlê. Regstreekse waarneming maak die navorser onafhanklik van die statistiek — veral waar laasgenoemde moeilik evalueerbaar is in terme van waardes binne die ontwikkelde ekonomieë. Die *waarde van ongeprosesseerde* gegewens is nie noodwendig 'n funksie van sy waarheidselemente nie bv advertensies is nie 'n medium van vleklose waarheid nie — MAAR deur die advertensies in die Afrikapers se uitgawes te lees, sal vasgestel word dat die behoeftes van dié lande nie staties is nie.

Die besondere meriete van regstreekse (persoonlike) waarneming en/of die gebruik van ongeprosesseerde materiaal is relevant vir so baie verskillende aspekte van die studie van die ontwikkelingsekonomie. Hierdie soort informasie veronderstel bv dat 'n groot deel van die uitset in baie onderontwikkelde lande bedoel is vir die onderhoud van die produsent en sy familie self (onderhoudsproduksie) en dat 'n uitbreiding van die *ruilekonomie* 'n onontbeerlike voorvereiste vir ekonomiese ontwikkeling is. Dit lei op sy beurt weer tot die erkenning dat die vooruitsig (verwagting) tot hoër en meer gevarieerde verbruik 'n lokmiddel is vir *produksie vir die mark*. Hierdie gevolgtrekking berus dan op die stelling van professor Ragnar Nurkse nl dat die demonstrasie-effek (kontak met meer ontwikkelde lande) geneig is om ekonomiese groei te strem deurdat dit nuwe behoeftes skep sodat spare en investering ontmoedig word (die gedagte van die „vicious circle of poverty"). Weer eens lei regstreekse waarneming daartoe, dat die wyd aanvaarde stelling, dat die indiensname van die

bevolking in diensindustrieë 'n eenvoudige positiewe funksie is van die peil van ekonomiese ontwikkeling, bevraagteken word. Die empiriese basis van dié argument word voorsien deur indiensname-statistiek. Dit is egter van geen of baie min waarde in die normale omstandighede van onvolledige spesialisasie in onderontwikkelde lande.

Geen wonder dat ook dat die studies gebaseer op regstreekse waarneming so sterk positief kontrasteer met so baie resente studies wat op beskikbare statistiek alleen gebaseer is nie.

### 3. *Voorspelling van onbekende toekomstige gebeurtenisse*

Pogings tot die voorspelling van onbekende toekomstige gebeurtenisse kom dikwels ter sprake by die studie van ontwikkelende gebiede. By wyse van herhaling moet onderskei word tussen *voorspelling* van die toekoms *(forecasting)* en *bepaling (prediction)* in die sin van vasstelling van die moontlike resultate van 'n gebeurtenis wat 'n funksie is van suksesvol bepaalde wetmatighede.

'n Mate van voorspelling is egter onontbeerlik in die politiek, die administrasie en die besigheid en is gevolglik enigsins belangrik vir die taak van die ekonoom in diens van die staat en die sakewêreld. In dié wetenskap is voorspelling 'n afgeleide van *bepaling* in die sin dat die korrekte vasstelling van moontlike resultate van sekere gebeurtenisse sal lei tot 'n meer betroubare voorspelling as wat normaalweg die geval sou wees. *Voorspelling is egter geen belangrike funksie van die ekonomie of enige ander dissipline nie* omdat

(1) dit nie poog om wetmatighede vas te stel nie;

(2) dit nie kennis vermeerder of die verstaanbaarheid van 'n vak verbeter nie en dus

(3) nie bydra tot die bevordering van die ekonomie as vakwetenskap nie.

Groot belangstelling in voorspelling is gewoonlik die getuienis van 'n ongesonde geestestoestand en veral getuig dit van 'n gereedheid om wondermiddele te verwelkom. Dit is simptomaties van sterk sosiale- en politieke veranderinge (vergelyk die val van die Romeinse Ryk). Die intellektuele status van hierdie aktiwiteit word dan ook meestal oorskat. Tog word

voorspelling in 'n wye spektrum van literatuur oor die ontwikkelingsekonomie beskou as 'n belangrike en selfs onontbeerlike faktor in die daarstelling van ekonomiese beleid.[4] Diegene wat egter belang het in die *ontwikkeling* van onderontwikkelde gebiede verkies eerder 'n ekonomiese basis-analise as om hulle te verlaat op die onakkuraatheid van voorspelling. Spekulasie is gevaarlik.

### 4. *Die gevolge van die onvermoë om te onderskei tussen positiewe ekonomie, normatiewe ekonomie en die kuns van die politieke ekonomie*

Die gebrek aan hierdie *onderskeid* is 'n belangrike faktor wat grootliks verantwoordelik is vir die onbevredigende aard van so baie literatuur wat handel oor die ontwikkelende lande. Dit berus hoofsaaklik op twee onderwerpe van sowel praktiese as intellektuele waarde, nl

(1) Die effektiewe uitvoering van die funksies van die ekonoom in sy advies aan die owerheid en

(2) die verhouding tussen die ekonomiese veronderstellings en die politieke posisie van die ekonoom.

In beide die samestellings is die onderskeid essensieel.

Die ekonoom kan die beleidmaker die beste dien deur die suksesvolle vasstelling van wetmatighede of uniformiteite (positiewe ekonomie) in sy eie sfeer, sodat dit binne hierdie sfeer kan lei tot die vasstelling („prediction") van moontlike resultate van sekere beleidsaksies (kuns van die politieke ekonomie). Hierdie funksie, hoewel 'n noodsaaklike element van die rasionele beleidsraamwerk, is nie 'n genoegsame basis vir regstreekse beleidsaanbevelings nie. Regstreekse aanbevelings vir beleidmaking en besluitneming moet *altyd* gebaseer wees op die politieke moontlikhede van verskillende beleidsaksies en potensiële invloed daarvan op die totale *sosiale* situasie, waarvan die *ekonomie slegs* een faset is. Waardeoordele wat pas by die onderhawige omgewing, en die ontwikkelingspeil van die mense (normatief) is ook nodig.

Die mees effektiewe en eerlike wyse waarop die ekonoom kan bydra tot die beleidmaking is om die *basis* van sy argument duidelik te stel en dit sonder afwyking binne sy eie sfeer te volg met die duidelike verstandhouding dat daar baie

ander faktore as die ekonomiese is wat oorweeg word in die daarstelling van beleid. Deur so op te tree kan die bruikbaarheid *(competence)* van sy aanbevelings gemeet word en word dit makliker om ook die ander faktore (buite die ekonomie) raak te sien.

Indien die ekonoom homself egter verstout met regstreekse *beleidsaanbevelings* sal sy stellinge en gevolgtrekkings sterk beïnvloed word deur die *politieke* moontlikhede van besondere beleidsaksies, asook waarde-oordele en ander faktore wat buite sy kundigheidsveld geleë is. In so 'n geval verwar dit die beleidmaker en is dit moeilik om vas te stel watter faktore nog nie in ag geneem is nie. Gevolglik kan die waarde van die aanbevelings nie geskat en die wetenskaplikheid van die argumente nie bepaal word nie. Wat dus 'n blote *gebrek* aan waarneming moet wees kan opgeblaas word tot òf breë visie òf rypheid van oordeel òf politieke wysheid.

Belangstelling in die ekonomie in die algemeen, en in dié van onderontwikkelde gebiede in die besonder, spruit grotendeels voort uit die praktyk — die positiewe ekonomie het 'n groot invloed op beleid. Die vraag ontstaan nou in watter mate die ekonomiese beginsels deur die politiek beïnvloed word. Hier kom die probleem van die afwesigheid van die afgeleide eksperiment vir beide die daarstelling van wetmatighede en die oortuigende aanbieding daarvan, weer sterk na vore. Die probleme onder beide hierdie *hoofde* — *daarstelling* en *oortuiging* — maar veral ten opsigte van die laasgenoemde is akuut in die ekonomie van alle onderontwikkelde gebiede. In *hierdie sfeer* lê die *getuienis* vir beide die daarstelling van wetmatighede en die oortuigende aanbieding daarvan nog in die toekoms — ruimtelik sowel as in terme van tyd — omdat dié lande se ekonomiese lewe baie ooreenstem met vroeëre fases in die geskiedenis van die ontwikkelde lande. Daarby is die beginsels van die ekonomie (positief) onafhanklik van enige politieke situasie. Die geldigheid van dié beginsels is wel afhanklik van die sukses waarmee dit — die beginsels — verduidelikings en vooruitskattings (bepaling) van fenomena kan verskaf; veral die doen van suksesvolle vooruitskattings *(prediction)* omtrent sekere fenomene wat nog *nie* waargeneem is nie. In hierdie *fundamentele* sin is die wetmatigheid totaal onafhanklik van politieke en psigologiese agtergrond. Dit spreek veral duidelik uit van die eenvoudigste wetmatig-

hede soos die omgekeerde verhouding tussen prys en hoeveelheid — 'n wetmatigheid van duidelik niks te doen het met *enige* politieke situasie nie. Vergelyk stellinge van Gunnar Myrdal:[5]

„In normative economics and in the art of political economy consideration of the political assumptions of propositions is in order, especially when specific proposals are under discussion. In assessing the merits of proposals it is legitimate to consider not only such assumptions but even personal and political motives. This is so for several reasons. For instance, the political position and the personal motives of the proponents of a measure may enable us to form a judgement of the probable distribution of the costs and benefits resulting from the measure."

Tog word in kontemporêre ekonomiese studies, veral studies oor onderontwikkelde gebiede, dikwels eksplisiet of dan wel duidelik implisiet gestel dat die aanvaarding of aanvaarbaarheid („acceptability") en selfs die geldigheid van ekonomiese wetmatighede in die algemeen (sonder onderskeid tussen die positiewe en normatiewe) eerder 'n saak van politieke situasie en dus 'n saak van oordeel is as 'n funksie van hul bruikbaarheid in die uitdrukking, afbakening en toetsing van hipotese wat fenomena bepaal of verklaar.[6]

Veel misverstand bestaan reeds in die vakgebied a g v gebrek aan die besef dat die politieke of psigologiese agtergrond van 'n ekonomiese wetmatigheid nie sy geldigheid (en dus ook nie sy fundamentele aanvaarbaarheid nie) in die positiewe ekonomie beïnvloed nie. Sodanige houdinge en stellinge *vernietig* werklik die vakgebied in die sin dat dit 'n dissipline skep waarvan die wetmatighede, wat daargestel is deur waarneming en analises en wat in die praktyk getoets is vir houdbaarheid, deur onkunde as onaanvaarbaar voorgestel word. Wetmatighede wat eenvoudig net berus op politieke opinie of op politieke oordele sal nie stand hou binne óf buite die terrein van die ekonomie nie, hoewel dit 'n aantreklike rasionaliseringsuitkoms vir die oningeligte politikus kan wees.

Hierdie soort tekortkomings is veral algemeen en deurlopend in geskrifte oor die ekonomie van onderontwikkelde gebiede — waarskynlik gedeeltelik vanweë die betreklik onlangse opkoms van belangstelling in dié afdeling van die eko-

nomie asook die belangrike politieke en praktiese probleme waarmee die studie van ontwikkelingsekonomie te doen het, veral vanweë die gebrek aan kennis van die volkekundige aspekte van dié gebiede. Hierdie gebrek aan kennis oor óf gebrek aan die aanvaarding van die andersoortigheid van volkere (ook gebrek aan geestelike rypheid) gee dikwels aanleiding daartoe dat *sprongontwikkeling* i p v *„kruip"ontwikkeling* voorgestaan word sonder om te besef dat eersgenoemde hoofsaaklik ontwrigting bring terwyl laasgenoemde *blywend* en *ontwikkelend* van aard is.

Vooroordeel t o v praktiese oorwegings, besorgdheid oor die bevordering van *beleid* eerder as die bevordering van *kennis* en kundigheid het nog altyd in 'n mindere of meerdere mate in die weg van sistematiese studie van hierdie afdeling van die ekonomie gestaan — veral waar dit gaan oor die toetsing van die geldigheid en die bepaling van die invloedsfeer van wetmatighede. Daar is gevolglik 'n interessante anomalie in hierdie afdeling van die ekonomie, nl die *praktiese relevansie* van die vakgebied vir ontwikkeling wat groot somme geld vir studie daarvan getrek het en terselfdertyd die besorgdheid oor aspekte van beleid wat die ontwikkeling van kennis en die daarstelling van positiewe wetmatighede grootliks strem — dit terwyl definitiewe wetmatighede die mees effektiewe wyse is waarop 'n bydrae tot die vorming van beleid gedoen kan word.

Die bedoeling met die onafhanklikheidstelling van ekonomiese wetmatighede, los van politieke situasies, is nie om te verklaar dat wedersydse beïnvloeding tussen politiek en ekonomie nie moontlik of selfs noodsaaklik is nie — inteendeel — dit is om aan te dui dat wetmatighede van die positiewe ekonomie nie deur die politiek beïnvloedbaar is nie. Prof Friedman stel dit so:

„For instance, it is frequently alleged that the supply of smallholders' rubber varies inversely with price. In fact there is overwhelming detailed evidence to the contrary. The positive response to price of the supply of smallholders' rubber has also been recognized by the use of special export taxes under the various restriction schemes designed to restrict the export of smallholders' rubber by depressing the local price. This method both presupposes and recognizes the positive response of supply of smallholders' rubber to price."[7]

"Again it has often been argued that the extremely heavy export taxes on West African crops have not affected output, a suggestion advanced without reference to evidence, or with reference to evidence which can only relate to confusion of historical and functional relationships."

Daar is egter *een* gebied waarin die studie van selfs positiewe ekonomie sterk deur die politiek beïnvloed word. Dit is die *keuse* van onderwerpe wat uitgesonder word vir ondersoek en dan is dit nie net beperk tot die ekonomie alleen nie, maar dan geld dit alle ander dissiplines.

5. *Slotopmerkings*

Selfs al is 'n ekonomiese wetmatigheid behoorlik bepaal, sy geldigheid deurtastend getoets en sy toepasbaarheid bo alle twyfel bewys, kan dit tog nie die alleen-basis vir beleidvorming wees nie. Bv al aanvaar almal dat die reaksie van die aanbod van 'n sekere produk op 'n sekere prys positief en aansienlik is, kan beleidmakers nog besluit dat dit op verskillende beleidsgronde swaar belas moet word. Dus, hoewel die gevolgtrekkings van die positiewe ekonomie noodsaaklik is vir die daarstelling van 'n rasionele beleid, is dit alleen nie voldoende vir die doel nie.

Die onvermoë om te onderskei tussen die positiewe ekonomie, die normatiewe ekonomie en die kuns van die politieke ekonomie en veral tussen normatiewe en positiewe is gevaarlik:

(1) Dit verontagsaam die elementêre standaarde van die tegniese bevoegdhede van die ekonomie in sy beleidmakende hoedanigheid.

(2) Binne die ekonomie bevorder dit intellektuele traagheid want 'n gebrek aan stawende beredenering kan aanneemlik (dog slegs met 'n skyn van waarheid) gerasionaliseer word tot getuienis van politieke wysheid. Sodanige ontwikkelinge en houdinge affekteer die intellektuele dravermoë van ekonome aansienlik en kan selfs hulle selfrespek ondermyn.

Dit klink enigsins paradoksaal in 'n tyd waarin ekonome in groter aanvraag is as ooit tevore en die vakprestige baie hoog is — maar 'n vak se prestige kan *hoog* wees terwyl sy voor-

uitsigte *betreklik* is soos die geval met ekonomie in onderontwikkelde gebiede waar die „enigste" basis vir beleidmaking die politiek is.

H J Weber

---

1 Regstreekse observasie en die versameling van hoofsaaklik ongeprosesseerde gegewens

2 Memorials of Alfred Marshall ed Pigou (London 1925) p 356

3 Ibid p 170

4 Vgl §4.0 Beleid is feitlik 'n vyfde produksiefaktor (sentrale owerheid) in onderontwikkelde lande en kan dus nie aan spekulasie onderwerp word nie

5 Myrdal G *Development and underdevelopment* Cairo 1956 en *Economic Theory and Under-developed Regions* London 1957

6 So word o a geargumenteer in sommige geskrifte van Gumnar Myrdal veral in sy *Development and Underdevelopment* Cairo 1956 en *An International Economy* New York 1956

7 Friedman M *The Utility Analysis of Choices Involving Risk* Journal of Political Economy Vol 61 No 4 Aug 1948

BIBLIOGRAFIE


1 ANSTEYS V *The Economic Development of India* London 1952 (vierde uitgawe)

2 BAUER P T en YAMEY B S *The Economics of Underdeveloped Countries* London 1957

BAUER P T *West-African Trade* London 1963

3 CAIRNCROSS A K *Factors in Economic Development* London 1962

4 ENKE S *Economics for Development* New York 1963

5 FRANKEL S Herbert

(1) *The Economic Impact on underdeveloped Societies* Oxford 1953

(2) *The Tyranny of Economic Paternalism in Africa* 1860—1960

6 FRIEDMAN M *Journal of Political Economy* Vol 61 No 4 Aug 1948

7 HAZLEWOOD A *The Economics of Underdeveloped Areas* London 1959

8 HIGGENS Benjamin *Economic Development* New York 1959

9 LEWIS W Arthur *The Theory of Economic growth* London 1959

10 MEIER G. M. & BALDWIN *Economic Development* New York 1957

11 PIGOU (Ed) *Memorials of Alfred Marshall* London 1925

12 ROBERTSON H M *South Africa* North Carolina 1959